# RPO Markverslag

## Week 05 van 2026

Week geëindig op 30 Januarie 2026






**Let Wel:** Hierdie is historiese pryse tot op 30 Januarie 2026 en `n gemoduleerde voorspelling van toekomstige pryse. Dit is nie `n weergawe van die huidige markpryse nie.

| Klas | Prys | Week/Week | Maand/Maand | Jaar/Jaar |
|---|---|---|---|---|
| Speenkalf (R/kg) | R39.27 | -1.8% | -5.6% | 11.4% |
| A2 (R/kg) | R65.98 | 1.0% | -5.9% | 17.9% |
| B2 (R/kg) | R59.04 | -2.6% | -8.9% | 18.9% |
| C2 (R/kg) | R57.97 | -2.1% | -6.1% | 19.8% |

## Speenkalwers

Die speenkalfprys het in Week 5 met 1.8% gedaal teenoor die vorige week en is tans 11.4% hoër as dieselfde periode ‘n jaar gelede. Die daling in die prys kan toegeskryf word aan ‘n swakker vraag na speenkalwers met nog voerkrale wat positief getoets het vir BEK. Die verwagting is dat die prys ‘n dalende tendens kan volhou soos speentyd in Maart aanbreek. Volgens ’n 95% sekerheid voorspelling, gebaseer op die afgelope 17 jaar se historiese data, behoort die speenkalfprys in Maart ongeveer R39/kg te wees, terwyl die prys nie laer as R35/kg en nie hoër as R45/kg behoort te wees nie. Let asb dat die huidige prys op hierdie stadium meer neig na die onderste grens van die voorspelde pryse.




## A2 Beeskarkasse

Die gemiddelde A2 karkasprys het in Week 5 met 1% gestyg teenoor die vorige week en is tans 17.9% hoër as dieselfde periode ‘n jaar gelede. Die styging in die prys kan toegeskryf word aan ‘n volgehoue laer aanbod op karkasse tans in die mark en die vraag na karkasse wat gedurende Februarie verbeter. Die verwagting is dat die prys `n stygende tendens kan volhou vanaf Februarie tot in April. Volgens ’n 95% sekerheid voorspelling, gebaseer op die afgelope 17 jaar se historiese data, behoort die A2 karkasprys in Maart ongeveer R67/kg te wees, terwyl die prys nie laer as R60/kg en nie hoër as R75/kg behoort te wees nie.


RMIS UFS

*Verslag saamgestel deur die Departement: Landbou-Ekonomie aan die Universiteit van die Vrystaat en moontlik gemaak deur die rooivleis statutêre heffing.*

***Bronne:** Karkaspryse verkry van die Rooivleisabattoirvereniging (RVAV) en speendierpryse van Agri Mark Tendense (AMT).*

RPO

# RPO Markverslag


## Week 05 van 2026

Week geëindig op 30 Januarie 2026




**Let Wel:** Hierdie is historiese pryse tot op 30 Januarie 2026 en `n gemoduleerde voorspelling van toekomstige pryse. Dit is nie `n weergawe van die huidige markpryse nie.

| Klas | Prys | Week/Week | Maand/Maand | Jaar/Jaar |
|---|---|---|---|---|
| Stoorlam (R/kg) | R51.37 | 1.9% | 1.1% | 26.9% |
| A2 (R/kg) | R104.36 | -3.9% | -10.2% | 7.9% |
| B2 (R/kg) | R85.85 | 1.2% | -0.3% | 24.9% |
| C2 (R/kg) | R80.82 | -3.3% | -5.4% | 20.3% |





## Stoorlammers

Die stoorlamprys het in Week 5 met 1.9% gestyg teenoor die vorige week en is ongeveer 26.9% hoër as dieselfde periode ‘n jaar gelede. Die styging in die prys kan toegeskryf word aan ‘n volgehoue laer aanbod op lammers tans in die mark. Die verwagting is dat die prys ‘n stygende tendens kan volhou tot in Junie soos die aanbod op stoorlammers verminder. Volgens ’n 95% sekerheid voorspelling, gebaseer op die afgelope 17 jaar se historiese data, behoort die stoorlamprys in Maart ongeveer R51/kg te wees, terwyl dit nie laer as R46/kg en nie hoër as R58/kg behoort te wees nie.

## A2 Lamkarkasse

Die lamkarkasprys het in Week 5 met 3.9% gedaal teenoor die vorige week en is ongeveer 7.9% hoër as dieselfde periode ‘n jaar gelede. Die skerp daling in die prys kan toegeskryf word aan ‘n volgehoue hoër aanbod op lamkarkasse tans in die mark en beperkte uitvoere weens uitvoerpermitte wat verander moet word na die Slenkdalkoors uitbreking einde verlede jaar. Die verwagting is dat die prys ‘n dalende tendens kan volhou tot in April en moontlik in Mei kan begin styg. Volgens ’n 95% sekerheid voorspelling, gebaseer op die afgelope 17 jaar se historiese data, behoort die A2 karkasprys in Maart ongeveer R110/kg te wees, terwyl die prys nie laer as R99/kg en nie hoër as R122/kg behoort te wees nie. Let asb dat die huidige prys meer neig na die onderste grens van die voorspelde prys op hierdie stadium.




*Verslag saamgestel deur die Departement: Landbou-Ekonomie aan die Universiteit van die Vrystaat en moontlik gemaak deur die rooivleis statutêre heffing.*

***Bronne:** Karkaspryse verkry van die Rooivleisabattoirvereniging (RVAV) en speendierpryse van Agri Mark Tendense (AMT).*